

6 November

Skrifgedeelte: Johannes 17:1-12

Jesus bid dat die evangelie 'n krag vir ons is

Johannes 17 word genoem die “Hoëpriesterlike gebed”. Jesus bid hier as ons enigste Hoëpriester vir ons en vir die wêreld. Ons behandel hierdie gebed vandag en môre. Ons kan die gebed in drie dele verdeel: In verse 1-8 bid Hy vir sy eie werk; in verse 9-19 vir sy gelowige kinders; in verse 20-26 bid Hy vir die evangelie in die wêreld. Hierdie gebed bring ons by die kern van die ewige lewe: Dat ons God ken en dat ons Jesus Christus ken (vers 3). Hierdie “ken” beteken dat jy glo dat God aan Jesus die mag oor alles gegee het. Hy regeer en Hy het deur alles wat Hy gedoen het die Naam van God verheerlik. Ons moet hierdie waarheid en die gesag van die evangelie goed besef. Die evangelie is die boodskap van die hele Bybel. Jesus het dit met daad en met woorde aan sy dissipels duidelik gemaak. Hulle was getuies daarvan (vers 6). Hier in die wêreld waar ons elke dag leef en worstel is die evangelie die wonderlike openbaring van die krag en die liefde van God. Kom tot stilstand en dink hoe geweldig groot die Here is en hoe asemrowend die evangelie van Christus is. As Hy dit so in Joh 17 bid, dan moet ons Hom in verwondering loof en prys en Hom dank vir sy werke in ons lewe. Doen dit ook nou in jou gebed. Prys Hom. Prys Hom.

Sing: Psalm 150:1

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)